

7 April

Skrifgedeelte: Klaagliedere 1
Fokusgedeelte: Klaagliedere 1:7a

Waardering vir wat ek het kom soms te laat

Dit is hartseer, maar dis waar. Dit gebeur dikwels dat 'n mens, nadat jy iets verloor het wat kosbaar was, eers die waarde van wat jy verloor het besef. Volgens gebruik in die ou Ooste is daar dikwels luidkeels uitdrukking gegee aan die smart van verlies – die verlies van 'n lewe, of soos in hierdie geval, die verlies van die stad Jerusalem. Die leed van verkrachtings, hongersnood en bloedvergieting wat Jerusalem gely het tydens die beleëring van die stad, word in hierdie liedere uitgeskreu. Jerusalem is soos 'n *weduwee* (vers 1). 'n Weduwee is 'n vrou wat haar man deur die dood verloor het. Die verbondsvolk is in die Ou Testament ook as vrou van die Here beskou, maar dikwels in negatiewe sin as 'n ontroue vrou. In die Nuwe Testament ken ons die kerk as die bruid van die Here. Die volk beleef die beleëring en vernietiging van Jerusalem asof die Here vir hulle dood is. Hulle geniet nie meer die beskerming van hulle Man nie. Eers nadat hulle alles verloor het, onthou hulle al die kosbare dinge van die verlede wat hulle gehad het. Die hongersnood herinner hulle aan die tyd toe daar brood was; die verlatenheid herinner hulle aan die tyd toe daar feesgevier is; die vervallenheid herinner hulle aan die tyd toe Jerusalem 'n pragstad was. Dit was egter te laat.

Op Goeie Vrydag sal ons herinner word aan die woorde van Jesus Christus wat Hy aan die kruis uitgeroep het: “My God ... waarom het U My verlaat?” Die nagmaalsformulier sê baie mooi: Hy is deur God verlaat, sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie. Wat 'n heerlike versekering het ons: Ons sal nooit meer soos 'n weduwee wees wat te laat terugdink aan die kosbare dinge van die verlede nie. Dan moet ons egter vandag die kosbare genade van God raaksien en waardeer. Dan moet ons dag en nag oor die genade van God nadink.

Sing: Psalm 102:6,9

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)